TAWWE TYE

Die meeste besighede en individue voel reeds vir ‘n paar maande die ekonomiese realiteite. Besigheid is taai om die minste te sê. Hoewel sekere sektore meer geraak word as ander, voel die gemiddelde man op straat beslis die druk.

Wat doen jy in tye soos hierdie as jy ‘n besigheid bedryf?

Feitlik elke besigheidsman sal vir jou sê dat sy kontantvloei onder druk is. Nie slegs daal baie ondernemings se verkope nie, maar kliënte betaal moeiliker en stadiger. So die kontant kom stadiger in, wat kontantvloei onder druk sit. Die bestuur van voorraadvlakke en debiteure is dus van kritieke belang om die som by die bank te laat klop.

Meeste ondernemings moet noodgedwonge kyk na die koste- kant van hulle besighede en sny waar hulle kan. Daar is nie nou veel plek vir luukshede en onnodige uitgawes nie. Dit lei ook ongelukkig daartoe dat baie ondernemings hul arbeidsmag afskaal en sodoende veroorsaak dat personeel hulle werk verloor. Onnodige kostes moet dus vermy word waar moontlik, maar sonder om die besigheid skade te berokken.

Kyk na onnodige bates in die besigheid wat nie bydra tot die generering van inkomste nie. As dit nie ‘n negatiewe impak het op die lopende bedrywighede nie, raak ontslae daarvan en wend die kontant beter aan.

Dis krities belangrik om bestaande finansieringsbronne met sorg op te pas en te bestuur. Banke is nie tans baie geneë om finansiering toe te staan nie en as jy dit kan kry, kom dit teen ‘n prys. So probeer na die beste van jou vermoë die bank gelukkig hou.

Dit is belangrik vir individue wat hul besighede bedryf in ‘n eenmansaak om vroeër eerder as later hulp en advies in te kry omdat u persoonlike bates soos u woonhuis ook blootgestel is aan dieselfde risiko’s as u besigheidsbates. Indien u vroeg reageer kan u verhoed dat u belangrike bates soos u familie woonhuis verloor weens besigheidsomstandighede wat dalk nie onder u beheer is nie.

Indien jou besigheid onder druk is en jy voel jy het hulp nodig, kontak jou naaste Boshoff Visser kantoor. Ons het nie geld om uit te deel nie, maar kan jou dalk help om jou besigheid deur hierdie moeilike tye te bestuur.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com